

Maandag 29 November

Skrifgedeelte: Jesaja 65:1-25

Fokusgedeelte: Jesaja 65:17-20

Die nuwe Hemel en die nuwe Aarde

Slegs 'n nuwe wêreld vry van sonde is gepas vir hulle wat regverdig verklaar is in Christus en regverdig gemaak word deur sy Gees. Die nuwe Hemel en nuwe Aarde is die Seun van Dawid se finale doel (Jes. 65:17). In die nuwe Hemel en Aarde sal daar geen rede vir treur wees nie. God self sal jubel in sy eens gevalle, maar nou ten volle nuutgemaakte mense (vs 18-19). Meer nog, 'n lang lewe sal normaal wees eerder as die uitsondering (vs 20).

Hierdie poëtiese beeldspraak moet nie te letterlik gelees word nie. Jesaja noem vroeër dat die dood vir altyd sal verdwyn (25:6-7) en die taal hier het dieselfde doel. Die nuwe Hemel en Aarde sal so gevul wees met vrede dat roofdier en prooi oor die weg sal kom (vs 24-25).

Jesus bring hierdie glorieryke verandering te weeg, maar doen so in fases. Die herstel het begin toe Hy Israel uit Babilon gebring het, dit was ingehuldig met mag in ons Here se menswording, bediening, dood, en opstanding. Dit word vandag voortgesit waar die opgevaarde Christus oor alles regeer. Dit sal vervul word met sy terugkoms (1 Kor. 15:12-58). Johannes Calvyn skryf: "Die profeet praat van die herstel van die kerk na die terugkeer uit Babilon ... maar daardie herstel is nie perfek nie tensy dit verleng word tot by Christus; selfs nou is ons in die verwesenliking daarvan en daardie dinge sal nie vervul word tot en met die laaste opstanding nie."

As ons 'n eenvoudige enkelsin verduideliking van die Christelike toekomsverwagting moet gee: God sal alles nuut maak. Die HERE sal alles ten volle transformeer en hernu sodat daar geen meer rede vir pyn, droefheid, hartseer, of enigiets anders is wat ons so vrees nie. Dit is die hoop wat voor ons lê; die wete dat alles reggemaak sal word in die toekoms, help ons om in die hede pyn te verduur.

Sing: Skrifberyming 57:1-5

Ds. GD Oosthuizen (Orrie) (Vaalharts)